

Studente

Hierdie hulpbron verduidelik grammatika konsepte en verskil daarom van hulpbronne 1 – 10. Hierdie hulpbron is slegs 'n opsomming van sekere konsepte. Jy moet steeds al die inligting in die studiegids lees wat met die bepaalde konsep verband hou.

AFRIKAANS

* The English version follows the Afrikaans version

Morfologie (p. 121 – 127)

Vir die doeleindes van hierdie module is daar drie belangrike konsepte in die morfologie: affiks, simplekse en komplekse.

1. Affiks word verdeel in **prefiks** (voorvoegsels) en **suffiks** (agtervoegsels). Verbindingsklanke is NIE 'n affiks NIE!

Byvoorbeeld:

- onderwyser = onderwys + **er (suffiks)**
- hereksamen = **her (prefiks)** + eksamen.
- woordeboek = woord + e (verbindingsklank) + boek (**geen affiks!**)

2. Simplekse is woorde wat **nie in kleiner betekenisvolle dele wat met mekaar verband hou, verdeel kan word nie**. Wat beteken dit? Kom ons gebruik 'n voorbeeld:

“Boekrak” kan verdeel word in “boek” en “rak”. 'n Boekrak is 'n rak vir boeke, so die woorde “boek” en “rak” hou verband met die betekenis van die konsep as geheel. Daarom is “boekrak” **nie 'n simpleks nie**.

“Pilaar” kan verdeel word in “pil” en “aar”, maar die twee woorde hou glad nie verband met die konsep van 'n “pilaar” nie! 'n Pilaar is 'n struktuur wat 'n gebou of gedeelte van 'n gebou ondersteun en dit het niets met 'n “pil” of 'n “aar” te doen nie. **Daarom is “pilaar” 'n simpleks**. Woorde soos “kameelperd”, “suurlemoen” en “nagmerrie” is ook simplekse.

Sommige woorde is ook simplekse omdat die woorde nie in kleiner betekenisvolle dele verdeel kan word nie, byvoorbeeld: “vakansie”, “kamer”, “geld”, ens.

3. Komplekse is woorde wat wel **in kleiner betekenisvolle dele verdeel kan word**. Komplekse word op verskillende maniere verdeel en daarom kry ons samestellings, afleidings en samestellende afleidings.

3.1 Samestellings bestaan uit **twee of meer stamme sonder affiks**. Die woorde “boekrak” wat ons vroeër gebruik het is 'n voorbeeld van 'n samestelling. Nog voorbeelde is:

- eksamenlokaal = eksamen (**stam**) + lokaal (**stam**)
- waterbottel = water (**stam**) + bottel (**stam**)
- kosblik = kos (**stam**) + blik (**stam**)

Kan jy sien dat die dele van die woorde elke keer die konsep as geheel beskryf?

3.2 Afleidings is woorde wat uit ***een stam en 'n affiks of affikse*** bestaan. Byvoorbeeld:

- onderwyser = onderwyser (**stam**) + er (**suffiks**)
- hereksamen = her (**prefiks**) + eksamen (**stam**)
- vergadering = vergader (**stam**) + ing (**suffiks**)
- beskryf = be (**suffiks**) + skryf (**stam**)
- hervorming = her (**prefiks**) + vorm (**stam**) + ing (**suffiks**)

3.3 'n Samestellende afleiding is 'n kombinasie van 'n samestelling en 'n afleiding. Dit is m.a.w 'n woord wat ***uit twee of meer stamme en 'n affiks of affikse bestaan***. Byvoorbeeld:

- hereksamenlokaal = her (**prefiks**) + eksamen (**stam**) + lokaal (**stam**)
- versekeringsmaatskappy = ver (**prefiks**) + seker (**stam**) + ing (**suffiks**) + s (**verbindingsklank**) + maatskappy (**stam**)

Soos reeds genoem is **verbindingsklanke** nie affikse nie. Verbindingsklanke word gebruik sodat ons sekere woorde makliker kan uitspreek. Die volgende voorbeelde is woorde waar verbindingsklanke voorkom:

- verbinding s klank (samestellende afleiding)
- hond e hok (samestelling)
- werker s klas (samestellende afleiding)

Students

This resource explains grammar concepts and therefore differs from resources 1 – 10. This resource is only a summary of certain concepts. You must still read all the information about a specific concept in the study guide.

This resource describes grammar pertaining to Afrikaans specifically.

ENGLISH

Morphology (p. 121 - 127)

For the purposes of this module, there are three important concepts to understand: affikse (affixes), simplekse (simplexes) and komplekse (complexes).

1. "Affikse" are divided into "***prefikse***" (prefixes) en "***suffikse***" (suffixes). "Verbindingsklanke" do NOT count as affixes!

For example:

- onderwyser (teacher) = onderwys + er (**suffiks**)
- hereksamen (re-exam) = her (**prefiks**) + eksamen.
- woordeboek (dictionary) = woord + e (verbindingsklank) + boek (**no affix!**)

2. “Simplekse” are words that ***cannot be divided into smaller words that carry a meaning which corresponds to the meaning of the word as a whole***. What does this mean? Let us look at some examples:

The word “boekrak” (bookshelf) can be divided into “boek” and “rak”. A bookshelf is a shelf for storing books, so the meaning of “boek” and “rak” together correspond to the meaning of the word as a whole. Therefore, “boekrak” is **not a “simpleks”**.

The word “pilaar” (pillar) can be divided into “pil” and “aar”, but these two words have nothing to do with the meaning of “pilaar”. A pillar is a structure supporting a building or a part of a building and obviously the words “pil” (pill) and “aar” (artery) has no connection to the concept as a whole.

Therefore, “pilaar” is a **“simpleks”**. Other words in Afrikaans that classify as “simplekse” are: “kameelperd” (giraffe), “suurlemoen” (lemon) en “nagmerrie” (nightmare).

Some words in Afrikaans are classified as “simplekse” since the word cannot be divided into smaller meaningful words, for example: “vakansie” (holiday), “kamer” (room), “geld” (money), etc.

3. “Komplekse” are words that ***can be divided into smaller meaningful units***. “Komplekse” are divided into the subcategories of “samestellings”, “afleidings” and “samestellende afleidings”.

3.1 “Samestellings” consist of ***two or more “stamme” (stem words / root words) without “affiks”***. The word “boekrak” that we referred to earlier is an example of a “samestelling”. Other examples are:

- eksamenlokaal (exam venue) = eksamen (**stam**) + lokaal (**stam**)
- waterbottel (water bottle) = water (**stam**) + bottel (**stam**)
- kosblik (lunchbox) = kos (**stam**) + blik (**stam**)

Can you see that the individual root words describe the concept as a whole in each case?

3.2 “Afleidings” are words consisting of ***one “stam” and an “affiks” or more than one “affiks”***. For example:

- onderwyser (teacher) = onderwyser (**stam**) + er (**suffiks**)
- hereksamens (re-exam) = her (**prefiks**) + eksamen (**stam**)
- vergadering (meeting) = vergader (**stam**) + ing (**suffiks**)
- beskryf (describe) = be (**suffiks**) + skryf (**stam**)
- hervorming (reform) = her (**prefiks**) + vorm (**stam**) + ing (**suffiks**)

3.3 “Samestellende afleidings” are a combination of “samestellings” and “afleidings”. It is a word that ***consists of two or more “stamme” and an “affiks” or more than one “affikse”***. For example:

- hereksamenslokaal (re-exam venue) = her (**prefiks**) + eksamen (**stam**) + lokaal (**stam**)
- versekeringsmaatskappy (insurance company) = ver (**prefiks**) + seker (**stam**) + ing (**suffiks**) + s (**verbindingsklank**) + maatskappy (**stam**)

As mentioned, a “verbindingsklank” is not an “affiks”. In Afrikaans, “verbindingsklanke” are used in order to help with the pronunciation of certain words. Here are some examples of words containing “verbindingsklanke”:

- verbinding s klank (samestellende afleiding)

AFK1503: Hulppbron 11 / Resource 11

- hond **e** hok (samestelling)
- werker **s** klas (samstellende afleiding)